# Klei & gekleurde pasta

## Klei resep

Bestandele:

500ml meel

30ml olie

30ml kremetart

500ml water

200ml sout

5 - 10ml kleursel

Metode:

Roer alles deeglik saam in 'n dikboomkastrol met houtlepel, oor hoë hitte. Sodra 'n "bal" in die lepel vorm, skakel stoofplaat na 'n lae hitte. Wanneer die deeg 'n blinknat voorkoms kry, gooi uit op werkblad en knie vir ± 3 minute. Plaas so lou in lugdigte houer (nie in yskas nie).

Dit is onskadelik as geëet word.



# Gekleurde pasta



Benodighede:

1. Kleursel
2. Pasta
3. Ziplock sakkie
4. Koerantpapier

Stappe

1. Plaas die pasta in die ziplock sakkie.
2. Gooi 'n paar druppels kleursel in die sakkie.
3. Maak die sakkie toe en skud hom goed.
4. Los die pasta vir 30 minute in die kleursel sodat dit goed kleur.
5. Gooi die pasta nou op 'n koerantpapier uit in die son en los dit vir 'n uur totdat dit droog is.



